

HANTAM MUNISIPALITEIT

Setel		Munisipale kantore					
Calvinia		Brandvlei		Loeriesfontein		Nieuwoudtville	
Privaatsak X14		Posbus 12	<u></u>	Privaatsak X01		Posbus 52	
Calvinia 8190		Brandvlei 8915		Loeriesfontein 8185		Nieuwoudville 8180	
(027) 341-8500	7	(054) 603-8400	7	(027) 662-8600	7	(027) 218-8700	
(027) 341-8501		(054) 603-8401		(027) 662-8601		(027) 218-8701	
@		,		,		, , ,	
info@hantam.gov.za							

<u>Verwysing</u>: <u>Navrae</u>: J.H.Langner

27 Maart 2013

Geagte Burgemeester en Raadslede

KONSEPBEGROTING: 2013/2014

Vind asseblief hiermee die konsepbegroting.

AANNAME

Die volgende aanname is gebruik met die opstel van die begroting:

- a). Inflasiekoers van 5.6% soos aanbeveel in omsendbrief 67.
- b). Salaris verhoging van 6.85% plus 2.5% kerfverhoging waar van toepassing wat dan 9.35% is. Mediese Fonds bydraes met 10%.
- c). Aankoopprys van Eskom beloop 11.2% soos in die skrywe gemeld.
- d). Algemene uitgawes styg met 6.5% en versekering met 'n verwagte 10%.

Munisipale Bestuurder

Salarisse en toelaes van amptenare wat onder hierdie pos sorter verhoog met 9.35% en die van die Munisipale Bestuurder met die inflasie plus 2%. Die 2% word deur die Raad bepaal.

Die onthaalkoste word verhoog na R10 000.

Raadsuitgawe

Die toelaes word verhoog met 7%, maar implementering geskied met ontvangs van die staatskoerant waarin dit afgekondig word.

Lidmaatskapgelde van SALGA verhoog na R450 000 soos vervat in die skrywe van SALGA. Die vereiste is 0.9% van die begrote salarisse met 'n minimum van R450 000.

Spesiale programme van die Burgemeester verhoog na R200 000, maar kan slegs geimplementeer word nadat die Raad die projekte wat hierdeur gefinansier gaan word, goedgekeur het. Diskressionêre fondse word deur Nasionale Tesourie verbied deurdat die begroting deursigtig moet wees.

Ouditkostes verhoog na R1 200 000 aangesien die oudit deur die Ouditeur-Generaal uitgekontrakteer word. Aansoek vir die 1% sal egter steeds gedoen word.

Die voorsienings vir Langdiensbonus en Medies sal in die finale begroting aangepas word wanneer die berekeninge van die aktuaris ontvang is.

Voorsieningskanaal Bestuur

Salarisse word verhoog met 9.35%.

Administrasie

Salarisse verhoog met 9.35% en die mediese bydraes vir die pensioenarisse met 10%.

Versekering word mer 10% verhoog na R74 220.

Menslike Hulpbronne

Salarisse verhoog met 9.35%.

Reis en Verblyfkostes verhoog van R31 800 na R40 000 om voorsiening te maak vir die reiskoste t.o.v. die LLF vergaderings.

IDP Administrasie

Salarisse word verhoog met 9.35%.

Reis en Verblyf verhoog van R20 000 na R25 000.

Finansies: Algemeen

Salarisse verhoog met 9.35% en voorsiening is gemaak vir die Hoof Finansiële Beampte asook vir die Adjunk-Hoof Finansiële Beampte. Die uitgawe t.o.v. die pos van Verslagdoening word uit die FMG toekenning gefinansier.

Die uitgawes van die MSIG en die FMG toekenning word onderskeidelik verhoog na R890 000 en R1 650 000 soos afgekondig in die DORA.

Reis en Verblyfkostes verhoog van R50 000 na R70 000. Werkswinkels wat ook as opleiding dien sal uit die FMG fondse finansier word.

Rekenmeester:Inkomste

Salarisse word verhoog met 9.35% waar van toepassing.

Rekemeester: Uitgawes

Salarisse word verhoog met 9.35% waar van toepassing.

Begraafplaas

Slegs 'n gedeelte van die voorman se salaris word hierteen geallokeer.

Die munisipaliteit ontvang weer 'n bedrag van R1 000 000 vir werkskepping en 'n bedrag van R72 500 is geallokeer vir die skoonmaak van begraafplase.

R15 000 word begroot vir herstelwerk aan begraafplase asook om sement aan te koop om die grafstene wat omgeval het te herstel.

Burgerlike Geboue

Voorsiening is gemaak vir die 9.35% verhoging asook vir die nuwe pos van Behuisingsbeampte.

Elektrisiteitskoste verhoog van R130 041 na R160 000.

R100 000 word begroot vir die herstel van geboue en veral vir verf van die gebou op Calvinia.

Natuurreservaat

R10 000 word begroot vir die aankoop van wild indien ons reënseisoen dit toelaat.

Voorsiening van R177 500 word gemaak vir werkskepping.

Sportgronde

Voorsiening is gemaak vir die 9.35% verhoging in salarisse.

R50 000 is geallokeer vir werkskepping.

Swembad

Voorsiening is gemaak vir R40 000 vir elektrisiteitskoste en R8 400 vir water by die swembad

Vliegveld

Versekering styg met 10% en R50 000 word begroot vir herstelwerke aan die aanloopbaan.

Karavaanpark

R10 000 word begroot vir die gebou op Nieuwoudtville.

Strate

Salarisse word verhoog met 9.35% en R100 000 word vir oortyd voorsiening gemaak.

R300 000 word begroot vir werkskepping asook R80 000 vir skoffelwerk.

Water

Voorsiening is gemaak vir die 9.35% verhoging en 30% van die HOD se salaries is hier toegewys.

R380 000 word geallokeer vir brandstof by Roman, maar daar word ondersoek ingestel na die installering van sonpanele.

Reinigingskoste word verhoog na R600 000.

Watermonsters word op 'n meer gereelde grondslag geneem en daarom verhoog die kostes na R130 000.

Ook by water word R100 000 geallokeer vir werkskeppings projekte. Die allokasie vir die network verlaag na R500 000 aangesien die probleme op Loeriesfontein redelik opgelos is.

Elektrisiteit

Voorsiening is gemaak vir 9.35% verhoging asook vir een ekstra elektrisiën. Die rede is dat die huidige twee persone nie alle dorpe effektief kan diens nie en ook nie inspeksies kan doen sodat die elektristeitsverliese verminder kan word nie.

Elektristeitsaankope styg met 11.2% soos vervat in die omsendskrywe van Eskom.

R100 000 word ook hier geallokeer vir werkskeppingsprojekte.

Sanitasie: Riool

Salarisse verhoog met 9.35% en 30% van die HOD se salaris word hierteen toegwys.

Biblioteek

Voorsiening is gemaak vir die 9.35% verhoging in salarisse.

Geen toekenning is tot op hede ontvang vir die bydrae van provinsie nie en daarom is die bedrag van R416 000 gebruik wat verlede jaar afgekondig is.

Omgewingsgesondheid

20% van die Hoof:Sosiaal se salris word hier geallokeer.

Sanitasie: Vullisverwydering

Salarisse verhoog met 9.35%.

'n Bedrag van R200 000 word hier allokeer vir werkskepping.

Die Raad het 'n kontrak vir die "Food for Waste" program aangegaan en volgens die kontrak is die Raad vir die 2013/2014 vir 70% verantwoordelik wat meebring dat daar vir R800 000 begroot moet word om daardie uitgawes te dek. Fondse kon egter nie vir hierdie doel gevind word nie en aansoek moet by die Namakwa Distrksraad gedoen word om hierdie projek uit hulle toekenning te finansier.

Verkeersdienste

Salarisse word verhoog met 9.35%.

Daar sal ernstig na hierdie diens gekyk moet word aangesien die Raad op hierdie stadium 'n verlies van $\pm R800~000$ maak. Die ooreenkoms met Dept. van Vervoer sal hersien moet word aangesien die 12.5% kommissie wat ons ontvang te min is.

INKOMSTE

Raadsuitgawe

R1 442 000 word begroot soos afgekondig in DORA as bydrae van die Inter-Owerheidstoekenning.

Die diverse inkomste van R126 965 is die bydrae van SETA asook die fondse van die straatkarnaval.

Administrasie

R11 044 405 word geallokeer uit die Inter-Owerheidstoekenning.

Finansies Algemeen

R2 540 000 is die bedrae van die MSIG en FMG toekenning soos afgekondig in DORA

Rekenmeester Inkomste

Die nuwe waardasies kon egter nog nie gebruik word nie aangesien die tydperk van besware nog nie verby is nie en daarom is hierdie die bedrag wat benodig word. Hierdie is 'n verhoging van 10% op die huidige jaar se tarief.

Wat dit egter ook bemoeilik is die waardasie van die HOP huise wat nou R50 000 is teenoor die R15 000 huidiglik. Op die oomblik is die eerste R15 000 van alle residensiële waardasie vrygestel.

Begraafplaas

Die bedrag van R72 500 word hier ontvang van die EPWP projek.

Burgerlike Geboue

Met die opstel van die begroting en met al die verhogings het die begroting 'n tekort van ±R1 000 000 gehad. Daar is gekyk na besparings en verhoging in tariewe en die gevolg is dat daar 'n gevoel is dat die plase verhuur moet word aan kommersiële boere met voorwaardes teen ongeveer R45 per hektaar om die begrotings tekort op te maak.

Natuurreservaat

R177 500 van die EPWP projek word hier ontvang.

Sportgronde

R50 000 van die EPWP is hier begroot

Strate

R300 000 van die EPWP word hier begroot

Water

Tariewe word met 5.6% verhoog en R100 000 uit die EPWP projek.

Elektrisiteit

Tariewe word met 8% verhoog soos voorgestel in die omsendbrief van Nasionale Tesourie. Die prys per eenheid vir voorafbetaalde meters is R1.15 teenoor die R1.18 van die gewone meter. Die gedagte is dat meer huishoudings moet verander na voorafbetaalde meters.

Sanitasie

Vullisverwydering en riool verhoog met 8%.

'n Eenvormige tarief van R100.00 per maand sal gehef word vir almal wat 'n suigtenk het.

Soos u kan sien sluit die konsepbegroting af met 'n surplus van R21 580 wat nie genoeg is om voorsiening te maak vir kapitale bydrae uit surplus nie.

Die insette van die Raadslede word hoog op prys gestel.

J.H.LANGNER WNDE.HOOF FINANSIES